**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | : BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B | :TAALWERK | (80) |

3. Jy moet **AL** die vrae beantwoord.

4 Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5 Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6 Skryf netjies en leesbaar.

7 Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE !***


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ARTIKEL**

Lees die volgende artikel goed deur en beantwoord dan die vrae.

**TERRENCE SE GESIN**



1. Terrence Peterson was ‘n jongman van sestien jaar oud. Hy en sy gesin het in die besige Pretoria gewoon. Sy gesin het bestaan uit sy pa, ma en twee sussies. Hulle was ‘n gelukkige gesin. Sommige mense het gesê hulle was die perfekte gesin.

2. Terrence se pa was ‘n prokureur. Hy was baie streng en het alles onder beheer gehad. Hy was ‘n goeie rolmodel vir sy kinders. Hy het lang ure gewerk, maar wanneer hy by die huis was, het hy al sy tyd aan sy gesin gegee.

3. Sy ma was ‘n verpleegster, sy het altyd almal versorg en seker gemaak almal was gelukkig en gesond. Sy het die gesin altyd bymekaar gehou.

4. Sy twee sussies was jonger as hy en was slim op skool. Hulle was ook aktief, het alle sporte beoefen. By die huis was hulle die twee wat altyd lag en speel. Hulle het die vreugde gebring.

5. Terrence was net ‘n normale seun, hy was gelukkig by die huis, maar skool was die probleem. Hy het niks van skool gehou nie. Hy het altyd gedink dat dit beter sou wees om veral tyd by die huis te bly.

6. Die rede hoekom hy nie van skool gehou het nie was omdat die leerders by die skool altyd kritiseer en altyd die slegte raak sien en die goed in mense miskyk.

7. Hy het dit toe sy doel gemaak om dit te verander deur mense te laat sien wat reg en verkeerd is. Dit was ‘n moeilike taak, maar sy gesin het hom altyd ondersteun.

8. Jou gesin kan jou maak of breek.

[Verwerk uit: www.google.com]

1.1 Haal EEN WOORD uit paragraaf 1 aan wat sê waarvandaan die seun kom. 1

1.2 Die seun waaroor die storie handel is ‘n <u>tiener</u>.

1.2.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Sê JA of NEE. 1

1.2.2 Haal EEN WOORD uit paragraaf 1 aan om jou antwoord te bewys. 1

1.3 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.3) en letter (A – D) neer.

"Hy en sy gesin het in die <u>besige</u> Pretoria gewoon." Besige beteken ...

A. daar gaan min dinge aan.
B. daar gaan baie dinge aan.
C. dit is 'n groot stad.
D. dit is 'n klein dorpie. 1

1.4 Hoeveel persone is daar in Terrence se gesin volgens paragraaf 1? 1

1.5 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat 'n perfekte gesin is. 2

1.6 Terrence se pa het 'n belangrike werk gehad. (paragraaf 2)

1.6.1 Die bogenoemde stelling is WAAR.

1.6.2 Haal 'n SIN uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te motiveer. 1

1.7 Hoe het sy pa gewys dat hy lief was vir sy gesin? 2

1.8 Wat is 'n rolmodel volgens paragraaf 2. 2

1.9 Waarvan het sy ma seker gemaak? (paragraaf 3) 2

1.10 Watter soort werk het sy ma gedoen? 1

1.11 Volgens paragraaf 4 was sy sussies ouer as hy.

1.11.1 Die bogenoemde stelling is ONWAAR?

1.11.2 Haal 'n SIN uit paragraaf 4 aan om jou antwoord te bewys 1

1.12 Dink jy dit is belangrik om skool toe te gaan? Sê JA of NEE. 1

Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

1.13 Is jou gesin perfek? Sê JA of NEE. 1

Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

**[20]**

**TEKS B: ARTIKEL**

Lees die volgende artikel goed deur en beantwoord dan die vrae.

**VISFEITE**



Die algemeenste naam vir troetelgoudvisse is glo: JAWS!

Die meeste visse het nie ooglede nie daarom kan hulle natuurlik nie hul oë knip nie.

Die rekord vir die vinnigste vis word gehou deur die seilvis wat tot 110 km/h kan swem.

'n Besondere duur fynproewersgereg genaamd kaviaar word van sommige soort viseiers gemaak. Suid-Afrika se nasionale vis is die galjoen.

1.14 Waarom kan visse nie hulle oë knip nie? 1

1.15 Wat is die gewildste naam vir goudvisse? 1


1.16 Waarvan word <u>kaviaar</u> gemaak? Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan om jou antwoord te bewys. 1

1.17 Watter vis kan die vinnigste swem? Haal slegs EEN WOORD aan om jou antwoord te bewys. 1

1.18 Gee die naam van Suid-Afrika se nasionale vis. 1

**[5]**

**<u>TEKS C: VISUELE GELETTERDHEID</u>**




1.19 Hoekom dink jy sing die man vir die meisie? 1

1.20 Wat bedoel die meisie met die blonde hare? 1

1.21 Hoe sal jy sê voel die meisie met die swart hare? 1

1.22 Dink jy dit is die regte manier om vir 'n meisie te sê dat jy van haar hou? Sê JA OF NEE. 1
Hoekom sê jy so? 1

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B:     TAALWERK**

**Bestudeer die volgende prentjie en voer die instruksies uit.**

**TEKS D**



www.shutterstock.com · 616450667

**VRAAG 1: SINSTRUKTURE**

1.1. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte **WOORDORDE**.

1.1.1 My neef, in die see, elke oggend, vroeg, heerlik, gaan snorkelduik 1

1.1.2 Die kinders,bou, sal, hulle sandkasteel, netnou 1

1.1.3. Die meisie ,haar dag, geniet, het, op die strand 1

1.2. Skryf die volgende sinne oor in die **VERLEDE TYD**

1.2.1. Die meisie bou die sandkasteel 1

1.2.2. Die seuntjie wil met die meisie gesels. 1

1.2.3. Die kinders loop en eet op die strand. 1

1.2.4. Die seuntjie spring en duik in die water. 1

1.2.5. Die sandkasteel het 'n klein vlaggie daarop. 1

1.2.6. Die seun kyk na sy sandkasteel. 1

1.3. Skryf die volgende sin oor in die **TOEKOMENDE TYD**

1.3.1. Die meisie grawe vinnig. 1

1.3.2. Hulle ouers ry per motor strand toe. 1

1.3.3. Die seun het 'n goeie sussie. 1

1.3.4. Dit is 'n sonnige dag. 1

1.4. <u>Skryf die volgende sinne oor in die **ONTKENNING.**</u>

1.4.1. Die seun duik. 1

1.4.2. Daar is baie krappe op die sand 1

1.4.3. Iemand braai boerewors. 1

1.4.4. Daar is nog kinders wat duik. 1

1.4.5. Iets loop vinnig oor die warm sand. 1

1.4.6. Ek het al so ‘n mooi sandkasteel gesien. 1

1.5. <u>Verbind die sinne met die **VOEGWOORD**E in hakies.</u>

1.5.1. Die kinders is baie bly. Hulle kan hulle sandkastele bou. (want) 1

1.5.2. Sommige kinders kan nie swem nie. Hulle dra swemgordels.(daarom) 1

1.5.3. Die meisie bou ‘n sandkasteel. Sy is baie kreatief. (omdat) 1

1.5.4. Die seun eet roomys. Dit is ‘n warm dag.(aangesien) 1

1.5.5. Die sand is vuurwarm. Die meisie dra ‘n sonhoed. (dus) 1

1.5.6. Die kinders swem in die koel water. Later sal hulle toebroodjies eet. (en) 1

**TEKS E**




1.6. <u>Skryf die sinne oor in die **LYDENDE VORM**</u>

1.6.1. Bobby het ‘n liedjie geskryf. 1

1.6.2. Die aanhangers geniet sy liedjies. 1

1.6.3. Bobby se vrou lees die tydskrif. 1

1.6.4. Die meisie het die verhoog geverf. 1

1.6.5. Die kinders sal Bobby se liedjies sing. 1

1.6.6. Bobby sien ’n groot skare. 1

1.7. <u>Skryf die sinne oor met die korrekte **Spel-en Leestekens**</u>.

1.7.1. hy vra hoe laat is dit 1

1.7.2. ethan mary robert en william was by die skool 1

1.7.3. erik se hy gaan dr toe 1

1.7.4. hoera dit is vakansie 1

1.7.5. daar is baie huiswerk op bl 20 1

1.8. **<u>Kommunikatiewe Taal.</u>**

**<u>Wat sê jy as jy :</u>**

1.8.1. Iemand in die middag groet? 1

1.8.2. Die klaskamer wil verlaat? 1

1.8.3. Iemand vir die eerste keer ontmoet? 1

1.8.4. Iemand seergekry het? 1

[40]

**<u>VRAAG 2 : WOORDSTRUKTURE</u>**

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**



2.1. <u>Gee die **MEERVOUDE** vir die woorde in hakies.  Skryf net die nommer en die antwoorde neer</u>

2.1.1. Die toeriste lê op die twee (handdoek). 1

2.1.2. Die (brander) langs die kuslyn is onstuimig. 1

2.1.3. Die man bestuur met sy twee (hand). 1

2.2. <u>Gee die **VERKLEINWOORDE** vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer</u>.

2.2.1. Die klein (visnet) help die vissermanne. 1

2.2.2. Die man vryf sy klein (oog). 1

2.2.3. Die vrou se klein (strandhoed) wapper in die wind . 1

2.3. <u>Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.3.1. Die (onderwyser) praat met sy kollega. 1

2.3.2. Die (mannetjie) soek na sy gesin. 1

2.3.3. Die (hings) kan hoog spring. 1

2.4. <u>Vul die **VOORSETSELS** in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.4.1. John gaan ____ bus strand toe. 1

2.4.2. Die kinders gaan _____ vakansie. 1

2.4.3. Ons vertrek ______ agtuur. 1

2.5. <u>Vul die korrekte **DIEREGELUIDE** in die oop spasies.  Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.5.1. John se kat______  in die hotelkamer. 1

2.5.2. Die jakkals_____  in die woud. 1

2.5.3. Die bok _____ in die kraal. 1

2.6. <u>Vul die **PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE**  in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer</u>.

2.6.1. Die man speel _______ kitaar in die bussie. 1

2.6.2. Die vrou sit ____sonbril op. 1

2.7. <u>Gee die **INTENSIEWE VORM** vir die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.7.1. Die (vet) sebra wei lustig langs die pad. 1

2.7.2. Die minibussie is baie (wit). 1

2.7.3. Die bestuurder is baie (ryk). 1

2.8. <u>Vul die **VERSAMELNAME** in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer</u>.

2.8.1. Die ________druiwe is groot en ryp. 1

2.8.2. Daar is 'n ______ skepe op die see. 1

2.8.3. Die ______ bye word oral in die veld gesien. 1

2.9. <u>Vul die korrekte **VRAAGWOORDE** in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.9.1. _____ ry die bussie? Na Mosambiek toe. 1

2.9.2. _____ eet die olifant? Gras 1

2.9.3. _____ kom die bus hulle oplaai? Om sesuur 1

2.10. <u>Voltooi die volgende **AFKORTINGS**. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.10.1. (SA) is 'n land van sonskyn. 1

2.10.2. Die bestuurder ry teen 100 (kilometer per uur) deur die landskap. 1

2.10.3. Hulle moet om drie-uur (nm.) huis toe gaan. 1

2.11. <u>Vul die **VERGELYKINGS** in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer</u>.

2.11.1. Die paaie is so donker soos______. 1

2.11.2. Die bestuurder is so moeg soos 'n _____. 1

2.11.3. Die sebra langs die pad is so honger soos 'n ______. 1

2.12. <u>Skryf die **GETALLE** in woorde tussen hakies neer . Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.12.1. John is vandag (14) jaar oud. 1

2.12.2. Die seun moet sy meisie ( 8:15) bel 1

2.12.3. Die son sak vanaand om (5:30) 1

2.12.4. Dis vandag haar ((10de) verjaardag. 1

2.13. Vul die korrekte antwoord van **MENSE, LANDE EN TALE** in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.13.1. Die _____ woon in Griekeland en hou van die see. 1

2.13.2. In Duitsland eet die ________ baie Eisbein. 1

2.14. Gee die **TRAPPE VAN VERGELYKING** vir die volgende sinne. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.14.1. Dis branderplankryer is (fris) as sy broer. 1

2.14.2. Die jagluiperd hardloop (vinnig) as die sebra. 1

**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [80]**

**GROOTTOTAAL:[120]**